NUUSBRIEF 9 VAN 2025

*13 MAART 2025*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

## GROETE AAN AL DIE RYNIES!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Na hierdie week is daar 2 weke oor, met ‘n langnaweek in die middel, voordat die skole sluit vir die eerste skoolvakansie van 2025. Soos reeds gekommunikeer sluit die skool volgende **Donderdag 20 Maart 2025 om 11:00** vir die langnaweek.  Finale assesserings word afgehandel en punte word verwerk vir die eerste rapport.

**Leerders ontvang rapporte op Vrydag 28 Maart 2025 wanneer die skool om 10:00 sluit vir die skoolvakansie.**

Interne redenaars is hierdie week afgehandel. Baie geluk aan al die Rynies wat goed presteer het. Net om deel te neem is al ‘n groot prestasie. Verskeie mini-sportsoorte naamlik mini-netbal en Valkie rugby het al begin oefen. Spesiale dank aan al die ouers wat ons help by die Valkie rugby met die afrigting en organisering.

Baie geluk ook aan ons Cheerleadingspan wat uitstekend presteer het tydens hulle eerste kompetisie die afgelope Saterdag. Die rugby- en netballigaspanne het al ‘n paar vriendskaplike wedstryde agter die rug en ons neem deel teen sterk kompetisie as voorbereiding vir die liga.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:



Kay-Lee Lundberg in graad 7 het verlede naweek haar skool met grasie en uitnemendheid verteenwoordig by Miss Little Benoni 2025. Sy is gekroon as 1ste Prinses en het ook die gesogte Debutante-toekenning ontvang vir haar toewyding en gemeenskapsdiens.

Werner Van Wyk in graad 6 het op 1 Maart aan die Frank Joubert Ope stoeitoernooi deelgeneem by Menlo park stoeiklub. Hy het silwer behaal. Hy is tans deel van die Raptors stoeiklub in Primrose.






Deborah Roode in graad 2 het ‘n silwer medalje gekry vir haar ballet by Michelle Pohl.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD




**INSKRYWINGS VIR 2026 REEDS OOP!**






# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD











# ATLETIEK



LAERSKOOL RYNFIELD



# NETBAL



## LAERSKOOL RYNFIELD










# RUGBY

## LAERSKOOL RYNFIELD













# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**CHEERLEADING:**

Baie geluk aan ons cheerleading dogters wat 'n eerste plek behaal het by die Provincials vir die volgende afdeling: All cheer Poms 1ste plek - deelname. Ons is ook trots op ons Gr RR en R wat ook deelgeneem het.











# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## REVUE:

Alle Graad 4 tot 7 Rynies wat aan revue gaan deelneem se R500 deposito gelde moet teen einde Maart betaal word.

| REVUE OEFENTYE | 3 – 4 UUR | 4 – 5 UUR |
|---|---|---|
| 17 MAART | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
| 24 MAART | GRAAD 4 | GRAAD 5 |










# KULTUUR

LAERSKOOL RYNFIELD

## REDENAARS: TOP 3 BY DIE INTERNE REDENAARS:

**Gr. 3**

1ste Camarin Craig

2de Kelby Hills

3de Wihann van der Westhuizen





**Gr. 4**

1ste Mila Hauptfleisch

2de Nathan Viljoen

3de Milea du Plessis

**Gr. 5**

1ste Carli du Plessis

2de Carlien Scheepers

3de Cohen Herholdt



**Gr. 6**

1ste Vené Kriel

2de Carmi Kruger

3de Hein Hoffmann



**Gr. 7**

1 ste Lisa Kruger

2de Mariska Nel

3de Christian Parker ( afwesig)



# KULTUUR

LAERSKOOL RYNFIELD

## GAUTENG REDENAARS:

Alle deelnemers wat briefies rakende die Gauteng Redenaars se inskrywings ontvang het, MOET teen 20 Maart die afskeurstrokie by Juf. Barbara inhandig asseblief. Geen digitale strokies sal aanvaar word nie.

## PUBLIC SPEAKING:

Themes for Public Speaking Speeches:

| GRAAD 1 -3: | GRAAD 4 + 5 | GRAAD 6 + 7 |
|---|---|---|
| 1. Voice | 1. Recipe | 1. Rhythm |
| 2. Time | 2. Language | 2. Spiral |
| 3. Own Choice | 3. Own Choice | 3. Own Choice |

Speeches must be handed in at Teacher Barbara by 11 April 2025!
Internal Competition will be the first week of May.

## SPANREDENAARS:

Spanne word ingeskryf by die Interskole Gauteng kompetisie DEUR DIE OUERS. ‘n Span kan slegs onder Laerskool Rynfield se naam ingeskryf word indien die toespraak deur Juf. Barbara goedgekeur is.
Inskrywings sluit 14 April.
Verskeie spanne is reeds aan die oefen.
Onthou om oefentye te bespreek by Juf. Barbara of Juf. Coffey.



# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Trollie met verlore klere/kosblikke/bottels ens.**

Daar is heelwat verlore items op die trollies, loer asseblief vir enige items hier. Items wat teen Woensdag 19 Maart, steeds nie ‘n eienaar gevind het nie, sal geskenk word aan minder bevoorregtes.

**Reëlings 20 Maart:**

Skool sluit om 11:00. Naskool is oop vanaf 11:00

**!!! NEEM KENNIS !!!**

**Die naskool is op die volgende datums gesluit:**

**Vrydag 21 Maart**

**Maandag – Vrydag (28 April – 2 Mei)**

## NASKOOL SPYSKAART:

**Maandag 17/3:** Maalvleisgereg

**Dinsdag 18/3:** Hotdogs

**Woensdag 19/3:** Vis, pampoen en kapokaartappels

**Donderdag 20/3:** Kouevleis rolletjies

**Vrydag 21/3:** Naskool gesluit

- Elke dag vrugte en sap

## SNOEPIE SPYSKAART:

**Maandag 17/3:** T/s Kaas & tamatie

Dinsdag 18/3: Hoenderpasteie

**Woensdag 19/3:** Footlongs

**Donderdag 20/3:** Pasteie

**Vrydag 21/3:** Naskool gesluit

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

